



Kantoor
Vredenhof,
Hoofstraat, Noorder-Paarl, 7646
Posbus 569, Cape Gate, 7562
Ariana: info@cbmc.co.za, 076 543 0316
Harm: harm@cbmc.co.za, 084 941 2410
Frik: frik@cbmc.co.za, 083 738 0542
Faks: 086 524 7941
www.cbmc.co.za

Nuus en Gebedsbrief 23 April 2018


Ons het die vorige twee weke gekyk na die Visie, Missie en Waardes van CBMC. Vervolgens kyk ons na **hulpmiddels** op ons webblad wat tot julle beskikking is.

Marketplace Ambassador

Gaan na www.cbmc.co.za. Skuif af na die *Ambassador* logo op die landingsblad (Home Page).





Om meer hieroor te lees klik op die blou skakel onder die teks.



By elkeen van die 10 eienskappe, regs, is daar 'n +-teken. Dit ontsluit teksverse vir verdere oordenking en bespreking. (Jy kan ook *download PDF* selekteer wat vir jou 'n 6-bladsy dokument sal gee met al die eienskappe en teksverse op).


Om toegang tot 'n indiepte studie te kry, klik op [I resolve](#) regs bo (alternatiewelik onder na die laaste eienskap). Jy sal vir die eerste keer registreer en daarna kan jy elke keer net inteken (*login*). (Onthou om jou eposadres en wagwoord erens neer te skryf waar jy dit maklik weer gaan kry vir toekomstige inteken).

Die 10 eienskappe is ook op ons nuwe Teikenmankaarte aangebring as persoonlike oortuiging en toewyding.



2 Korintiërs 5:20
Ons tree op as ambassadeurs vir Christus... NLV

CBMC Bankbesonderhede:- Rekeninghouer: CBMC
Bank: FNB Rekeningnommer: 6236 1233 176 Takkode: 201410



Snap here to pay

SnapScan

Die HAT definieer ambassadeur as “*Hoogste diplomatieke verteenwoordiger wat in ‘n vreemde land vir sy regering optree. Iemand wat sy vaderland in die vreemde verdedig deur wanvoorstellings te weerspreek en korrekte inligting te gee; wat deur sy optrede en prestasies in die vreemde sy vaderland se aansien verhoog.*”

Na aanleiding van die definisie hierbo, bespreek onder mekaar wat dit beteken in ‘n Bybelse konteks om ‘n *ambassadeur vir Christus* te wees.


Verwys spesifiek na die volgende:

- *vreemde land*
.....
- *vaderland verdedig*
.....
- *wanvoorstellings weerspreek*
.....
- *korrekte inligting gee*
.....
- *deur optrede en prestasies die vaderland se aansien verhoog*
.....
.....

Hou jou 10 Eienskappe en teksverse byderhand, want oor die volgende 10 weke gaan ons dit deeglik bespreek.

Geseënde week.

Harm



VERJAARDAE & KALENDER:

VERJAARDAE:

April

24ste: Mark de Wet & Lukas Swanepoel **25ste:** Daantjie Malan & Gerhard van der Linde **27ste:** Elton Bowie, Barnie de Villiers, Paul Erasmus, Tienie Schietekat, Alvonso Schoonraad, JD van Heerden & Eras Venter **28ste:** Barend de Beer & Derek Nortje **29ste:** Piet Motibi

KALENDER:

- **Leadership Coach Training**, 4&5 Mei 2018
- **CBMC Dag van Gebed (Hemelvaart)**, Lofsentrum Gordonsbaai, 10 Mei
- **CBMC Uitreik** Blue Peter, 18 Mei
- **CBMC Wêreldkonferensie, Belfast, Ierland:** 21-23 Junie. Gaan doen jou vooraf-registrasie by <https://www.belfast2018.co.uk/>
Sien die 1-bladsy **inligtingsdokument** aangaande koste en hoe jy moet maak om te registreer van die CBMC Wêreldkonferensie in Ierland.
- **Leadership Coach Training**, 14&15 September 2018
- **Mighty Men Weskaap**, Môresonplaas, Malmesbury 5-7 Oktober

Ons nuwe amptelike CBMC voertuig, Datsun GO+!

